

3 Desember

Skrifgedeelte: Eksodus 19:1-8
Fokusgedeelte: Eksodus 19:5, 6

God wat red, eis gehoorsaamheid

Lewe onder God se heerskappy hou wonderlike genade in vir almal wat aan Hom behoort. Israel, die verbondsvolk, het in Egipte elke dag in doodsomstandighede geleef. Die Verbondsgod het hulle uit genade uit Egipte en uit die dood gelei. Hy het hulle op 'n wonderlike manier gered!

Ons het nie in die doodsomstandighede van Egipte geleef nie, maar ... ons doodsomstandighede was in werklikheid erger! Ons was gevangenes van die sonde in die ewige dood! Uit genade het ons Verbondsgod elkeen wat aan Hom behoort, uit hierdie sondedood gelei. Hy het sy eie Seun daarvoor opgeoffer. Jesus Christus het sy lewe vir ons gegee om ons van sonde en die dood te verlos. Deur sy dood en opstanding het Hy ons uit die ryk van die duisternis weggeruk en na die ryk van die lig oorgebring (Kol. 1:13.)

Saam met al die ander gelowiges is ek in die genadeverbond opgeneem en leef ek nou in die koninkryk van die lig waar ek en alle gelowiges aan God behoort. Lewe in hierdie koninkryk is nuwe lewe in gehoorsaamheid aan God. Gehoorsaamheid aan God is nie 'n swaar plig wat op my gelê word nie. Inteendeel! Gehoorsaamheid aan my God is deur die Heilige Gees vir my 'n vreugde! Die Gees wat in my woon en werk, Hy maak my bly en maak dit vir my aangenaam om God te gehoorsaam.

My God vra van my om myself aan Hom as lewende offer te gee (Rom. 12:1). Deur die Heilige Gees beheers en gelei, gee ek myself. En ... ek volhard in hierdie nuwe lewe van gehoorsaamheid in die koninkryk van God tot met Christus se wederkoms, wanneer ek die volheid van die koninkryk as erfdeel sal ontvang.

Sing: Psalm 40:1, 4 (1936)

Ds. PJ (Johan) Nel (Akasia)